# Welkom by NG The Reeds

**‘n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Tema vanoggend:

Die rol van vergifnis in my verhouding met God



# VONKK 277:1

**U is die lig wat deur die donker skyn.**
**U is die een wat duister laat verdwyn.**
**Skyn in ons harte, dryf die donker uit.**
**Skyn in ons lewens tot in ewigheid.**

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

VONKK 277:2

**U is oorwinnaar, U’t die dood verslaan.**
**U het as Koning uit die graf gegaan.**
**Breek nou die bande,**
**gooi die boeie neer.**
**Ons is oorwinnaars saam**
**met U, ons Heer.**

VONKK 277

*Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,
ons buig voor U neer, buig voor U neer.
Jesus Christus, ons God en Heer,
ons bring nou aan U die eer.**

VONKK 277:3

U is die Bruidegom en ons u Bruid.
U nooi ons vir die bruilofsmaaltyd uit.
Daar klink ons lof,
daar klink ons danklied uit.
Ons bly by U tot in die ewigheid.

# 1 Johannes 1:1-10




1. Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. 2. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is. 3. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, **sodat julle aan ons <u>gemeenskap</u> deel kan hê**. En die **<u>gemeenskap</u> waaraan ons deel het**, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. 4. Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.

5. Dít is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is **lig**, en daar is geen **duisternis** in Hom nie. 6. As ons beweer dat ons aan Hom deel (**gemeenskap**) het, en ons lewe in die **duisternis**, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie. 7. Maar as ons in die **lig** lewe soos Hy in die **lig** is, het ons met mekaar **deel aan dieselfde gemeenskap** en **reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons** van elke sonde. 8. As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. 9. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy **vergewe** ons ons sondes en **reinig ons van alle ongeregtigheid**. 10. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.


Wie is hy om dit van my te verwag –
mens is net eenmaal jonk en ‘n student!
Studentemaats oppad kerk toe

# In ons teks …



# God is lig - in Hom is daar geen duisternis



6. As ons beweer… ons het gemeenskap met Hom


7. Maar as ons … in die lig lewe

8. As ons beweer … ons het geen sonde nie

9. Maar as ons … ons sondes bely


10. As ons beweer … ons het nie gesondig nie

2:1. Maar as een van ons … sondig, ons het JX


As ons sê dat ons
met Hom gemeenskap het
en in die duisternis wandel,
dan lieg ons en doen nie
die waarheid nie.
1 Johannes 1:6
DailyVerses.net


# As ons in die lig lewe...
# dan het ons gemeenskap met mekaar







As ons beweer ons het geen sonde…

Keer dat lig donker in ons verlig




As ons beweer ons het geen sonde…

Wil Johannes ons in ‘n hoek vasdruk en veroordeel?




As ons beweer ons het geen sonde…

Mis ware gemeenskap – nuwe lewe in Christus

# As ons ons sonde bely…

Soos ‘n mot…



In ‘n verhouding maak dit so seer
dat jy nie anders kan as
om dit voor God te bely nie!

# Gemeenskap met God en vergifnis




Wie is hy om dit van my te verwag – mens is net eenmaal jonk en ‘n student!
Studentemaats oppad kerk toe



# Die rol van vergifnis in my verhouding met God

# Vonkk 72

Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.
Kom buig nou voor Hom neer
met eerbied en ontsag.
Erken sy heiligheid
en sy geregtigheid.
Wees stil, want die Heilige is hier
in ons teenwoordigheid.

© Anna Moritz

# Vonkk 72

Wees stil, want die heerlikheid van God
skyn oral rondom ons.
Hy is met eer gekroon,
met mag en majesteit.
Uit Hom straal helder lig –
'n glans wat als verlig.
Wees stil, want die heerlikheid van God
skyn oral rondom ons.

© Anna Moritz

Wees stil, want die Here God van mag
is werksaam om ons heen.
Hy neem ons sonde weg,
genees ons grootste seer.
Niks stuit die Gees se werk
of kan sy krag beperk.
Wees stil, want die Here God van mag
is werksaam om ons heen.

© Anna Moritz



# Die rol van vergifnis in my verhouding met God

# Welkom by NG The Reeds

**‘n Veilige hawe vir nuwe hoop**

Tema vanoggend:

Die rol van vergifnis in my verhouding met God